# Hoofstuk 3

# Engelenburg se werksaamhede kort voor en tydens die Anglo-Boereoorlog in Suid-Afrika, 1899-1900

## Inleiding

Groot-Brittanje het hom voortdurend in die ZAR se binnelandse aangeleenthede ingemeng en doelbewus op oorlog afgestuur. Vir Brittanje wou dit voorkom of Delagoabaai die sleutel tot die stryd tussen die ZAR en Britse imperialisme ingehou het. Engelenburg was gekant teen ŉ gewapende botsing met die Britse regering, maar oorlog was onafwendbaar. Leyds was gesant vir die ZAR in Brussel en hy het die ZAR-regering versoek dat Engelenburg hom daar gaan bystaan indien oorlog uitbreek, maar die versoek is nie toegestaan nie. Engelenburg het in elk geval gemeen dat sy dienste in Transvaal noodsaakliker was. Met ingang van 11 Oktober 1899 het Brittanje en die Boererepublieke in ŉ staat van oorlog verkeer. Gedurende die eerste maande van die Anglo-Boereoorlog (ABO) het Engelenburg ŉ velduitgawe van *De Volksstem* uitgegee om die burgers in die veld op die hoogte te hou van die gebeure op die slagvelde. *De Volksstem* het bly publiseer tot 4 Junie 1900, die dag voor Pretoria deur Brittanje ingeneem is. Engelenburg het die ZAR daarna verlaat en na Europa uitgewyk. Hy het gemeen dat hy die Boeresaak daar beter sou kon dien. President Kruger het in ballingskap na Europa gegaan, waar hy tot met sy dood woonagtig was. Die NZASM is ná die inname van Pretoria deur Brittanje oorgeneem. Die NZASM-maatskappy sou in 1909 finaal ontbind.

## Brittanje en die ZAR

Brittanje het hom sedert die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in die vroeë 1880's toenemend in die ZAR se binnelandse aangeleenthede ingemeng en doelbewus op oorlog afgestuur. Sedert die mislukte Jameson-inval (29 Desember 1895 tot 2 Januarie 1896) het die Britse regering sy aanslae verskerp en geleidelik Britse troepe op die grense van die ZAR en sy bondgenoot, die Oranje-Vrystaat, saamgetrek. Die verhouding tussen die ZAR en Brittanje het

toenemend gespanne geraak. Die botsende belange van Britse imperialisme en Afrikaner-nasionalisme sou in Oktober 1899 uiteindelik op oorlog tussen Groot-Brittanje en die twee Boererepublieke uitloop.[1] Reeds in 1898 was die voortekens merkbaar dat in Londen weer planne beraam word teen die ZAR. Engelenburg het gemeen dat Harry Escombe (1838-1899) in Natal die "jingo-trom" slaan.[2] Die moontlikheid van 'n oorlog was nie meer so onwaarskynlik nie. Engelenburg was ook van mening dat die Afrikaners in die Kaapkolonie hiervan bewus geword het.

> Er heerst daar in de Kaapkolonie een onderling wantrouwen en een 'rassenhaat' – vergeef het dwaze woord – zoals waarvan outsiders zich geen denkbeeld kunnen vormen ...[3]

Brittanje se geduld met Portugal oor Delagoabaai het ook begin opraak. Brittanje se pogings dwarsdeur die laaste dekade van die negentiende eeu om 'n verstandhouding met Portugal te bereik, het op niks uitgeloop nie. Duitsland en Frankryk sou nie toelaat dat Brittanje alleenreg op die Baai kry nie en ook nie dat 'n Anglo-Portugese ooreenkoms gesluit word nie. Derhalwe het Brittanje van taktiek verander. Ná uitgerekte onderhandelinge het Brittanje en Duitsland 'n verstandhouding bereik wat uiteindelik tot die Anglo-Duitse verdrag gelei het, asook 'n geheime verdrag in Augustus 1898.[4] Engelenburg se hoop dat Duitsland 'n bondgenootskap met die ZAR sou sluit, is deur dié verdrag verydel. Die veranderde houding was daaraan te wyte dat die Duitse ambassadeur in Londen, graaf Paul von Hatzfeld, en veral die pro-Britse saakgelastigde Herman von Eckhardstein, alles in werking gestel het om gunstiger betrekkinge tussen Brittanje en Duitsland te bewerkstellig.[5] Teen Augustus 1899 was dit duidelik dat Duitsland neutraal sou bly in die geval van oorlog in Suid-Afrika. Duitse neutraliteit het Brittanje se posisie teenoor die ZAR buitengewoon versterk.[6] Chamberlain se haas om Delagoabaai onder sy beheer te kry, moet

---

1 L. Scholtz, *Why the Boers lost the war*, pp. 1, 4-6. Sien ook J.C.G. Kemp, *Vir vryheid en vir reg*, pp. 57-58, 120-122.

2 Escombe het in Februarie 1897 premier van Natal geword, terwyl hy as prokureur-generaal aangebly het. Hy was terselfdertyd ook minister van onderwys en minister van verdediging.

3 Nationaal Archief (NA), Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 28.11.1898.

4 J.A.S. Grenville, *Lord Salisbury and foreign policy: the close of the nineteenth century*, pp. 190-194. Sien ook A.N. Porter, *The origins of the South African War: Joseph Chamberlain and the diplomacy of Imperialism 1895-1899*, pp. 156-160.

5 Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA), Pretoria, W.J. Leydsargief (LA), vol. 631, deel III, GR 1198/97, W.J. Leyds – Waarnemende staatsekretaris, 08.07.1897.

6 W.J. Leyds, *Eenige Correspondentie uit 1899 (zoogenaamde 'Eerste Verzameling')*, pp. 9, 40, 84, 174.

teen die agtergrond van die situasie in Suid-Afrika beskou word. Vir Chamberlain wou dit voorkom of Delagoabaai die sleutel tot Britse imperialisme ingehou het. Die verdrag het daarop neergekom dat dit Duitse inmenging in die suide van Mosambiek uitgesluit het en dat Duitsland Brittanje sou steun teen die inmenging van ŉ derde moondheid. Soos verwag kon word, het die Anglo-Duitse verstandhouding heelwat kommentaar in die ZAR uitgelok. Engelenburg het sy lesers daarop gewys dat dit ernstige gevolge vir die ZAR kon inhou. ŉ Britse oorname van Delagoabaai sou die Republiek aan die genade van John Bull uitlewer.[7] Die Anglo-Duitse verdrag het egter nie, soos wat allerlei gerugte dit wou hê, op die besetting van Delagoabaai neergekom nie. Brittanje was nie geïnteresseerd in die verkryging van die Baai nie, maar was bekommerd oor die wapens en ammunisie wat die ZAR ingevoer het.[8] Die Portugese premier het geweier om die invoer van wapens stop te sit alvorens daar vasgestel kon word hoeveel krygsmateriaal die ZAR gedurende die laaste jaar deur Delagoabaai ingevoer het. Die Portugese regering was wel bereid om by die ZAR-regering navraag te doen oor die groot hoeveelheid krygsmateriaal wat ingevoer word. Daar is ook gesinspeel op die noodsaaklikheid van addisionele waarborge oor die eindbestemming van die goedere in die toekoms.[9] Die implementering daarvan is deur die aankoms in Delagoabaai van ŉ groot hoeveelheid krygsmateriaal aan boord van ŉ Duitse skip verhaas. Die goewerneur van Lourenço Marques is daarop beveel om alle krygsmateriaal wat bestem is vir die ZAR, op ŉ veilige plek te bewaar. Die Portugese optrede was nie ŉ verrassing vir die ZAR-regering nie. Die regering het lank reeds voorsien dat Portugal voor Britse druk kon swig, maar het eers onraad bemerk nadat daar nie op hulle herhaalde versoek om die ammunisie van die skip te ontskeep, ag geslaan is nie. Al Kruger se pogings het op niks uitgeloop nie en hy is aangeraai om hom tot die Portugese regering te wend.[10] Engelenburg het dit "haatlik" gevind dat die Portugese nie die ZAR-regering betyds gewaarsku het dat hulle nie meer ammunisie sou deurlaat nie. Dit het die regering "een gek

---

7 Redaksionele kommentaar, "De Anglo-Duitse entente", *De Volksstem* 10.09.1898.

8 P. Edwards, Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899, p. 324.

9 P. Edwards, Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899, p. 326.

10 P. Edwards, Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje se stryd om Delagoabaai, 1889-1899, p. 325.

figuur" laat slaan.[11] Die indirekte skuld het Engelenburg voor die deur van generaal Piet Joubert gelê, wat ter elfder ure nog ammunisie en krygsmateriaal nodig gehad het, terwyl hy drie volle jare tyd en geld gehad het om alles te bestel. Engelenburg het dit beskou as

> ... een grote disgust tegen Joubert by de Volksraads-lede. Joubert werkt in stilte tegen Kruger en vice versa.[12]

Die Joubert-ondersteuners het teen daardie tyd al hoe minder geword en daar was sprake dat hulle by die volgende verkiesing vir Lucas Meyer as kommandant-generaal sou stem. Engelenburg het van sy koerant se kant ook laat weet:

> De Volksstem zal van harte elk possibel tegen-kandidaat steunen.[13]

Ook het die mening onder die burgers veld gewen dat Kruger vroeër of later deur A.D.W. Wolmarans (1857-1928) vervang moes word.[14] Wolmarans was 'n vooraanstaande lid van die N.H. Kerk. Sy kragtige persoonlikheid, asook sy organisasie- en redenaarsvermoë ten opsigte van die kerkgeskille in die 1890's, het bygedra tot sy verkiesing as lid van die Uitvoerende Raad. Hy het president Kruger gesteun en met verloop van tyd is hy beskou as die leier van die konserwatiewe element in die Raad.[15]

Engelenburg het in 1899 'n kalm en bedaarde houding ingeneem. Hoewel hy die Boerestandpunt op bekwame wyse verdedig het, het hy hom nie skuldig gemaak aan opstokery of aanhitsing nie. Hy het wel 'n waarskuwing aan die Boere gerig om gereed te wees vir enige gebeurlikheid. Die regering se geduld met Brittanje en die Uitlanders kon opraak.[16] Engelenburg het die Transvalers se aandag daarop gevestig dat die Republiek geen hulp van buite te wagte moes wees nie, maar hy was oortuig daarvan dat die republieke sterk genoeg was om alle aanslae van die Britse regering, hetsy op politieke of militêre gebied, af te slaan.[17] Hy was gekant teen 'n gewapende botsing met Brittanje en het vas geglo dat dit nie sou plaasvind nie. As rede is aangevoer dat

---

11 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 11.09.1899.

12 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 11.09.1899.

13 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 11.09.1899.

14 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 05.12.1898.

15 S.B. Spies, "Wolmarans, Andreas Daniel Wynand" in W.J. de Kock en D.W. Krüger (reds.) in *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, pp. 877-878.

16 Redaksionele kommentaar, "Oorlogsgeruchten", *De Volksstem*, 29.04.1899.

Brittanje dit nie sou waag om oorlog te maak nie en dat die ZAR-regering by magte sou wees om alle vraagstukke op te los.[18] Terselfdertyd het Engelenburg aan Leyds geskryf dat die forte vol gemaak was met proviand en dat die burgers gewaarsku is oor moontlike oorlog. Hy het ook verneem dat 'n paar kanonne na die Natalse grens gestuur sou word en dat die Vrystaat ook gewaarsku is oor oorlog.

> Ik voor mij houdt de bedreigingen der Engelsen voor pure 'bluff' en geloof dat de Transvalers dit 'bullying' zullen weerstaan.[19]

**Die plaaslike en internasionale omgewing in die maande voor die oorlog**

Die verhouding tussen die regering en die Uitlandergemeenskap aan die Witwatersrand het intussen verder versleg. Die Uitlanders het toenemend ontevrede geraak oor allerhande kwessies en op 24 Maart 1899 het hulle 'n petisie aan koningin Victoria, met die handtekeninge van 21 684 Britse onderdane daarop, aan die Britse agent in Pretoria, C. Greene, oorhandig. Die petisie is daarna aan die Britse hoë kommissaris, sir Alfred Milner (1854-1925), gestuur wat dit op 14 April 1899 aan die Britse minister van kolonies, Joseph Chamberlain (1836-1914), gestuur het.[20] In die petisie is 'n beroep op die Britse koningin gedoen om beskerming aan die Uitlanders te verleen en die Britse kabinet moes besluit oor die koers wat ingeslaan moes word.[21] By navraag het Milner aan Chamberlain erken dat hoewel al die handtekeninge waarskynlik eg was, die moontlikheid van duplikaat-handtekeninge nie uitgesluit was nie.[22] Hy het ook erken dat 'n groot aantal name dié van gekleurdes was.

Leyds het op 9 April 1899 aan Engelenburg geskryf dat die posisie van Brittanje buitengewoon sterk was. Duitsland was in koalisie met Brittanje, Frankryk was onmagtig om iets te doen,

---

17 Redaksionele kommentaar, "Verkeerde indruk", *De Volksstem*, 22.03.1899.

18 Redaksionele kommentaar, "Oorlogsgeruchten", *De Volksstem*, 29.04.1899.

19 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 07.05.1899.

20 Anon., "Papers relating to the complaints of British Subjects in the South African Republic" in *British Blue Books*, CO1040, 1899, pp. 184, 207-209, 238.

21 Anon., "De uitlander-petitie", *De Volksstem*, 17.05.1899. Sien ook J.C.G. Kemp, *Vir vryheid en vir reg*, pp. 120-121 (generaal Kemp het die ABO meegemaak); Sien ook C. Headlam (red.), *The Milner papers: South Africa 1897-1905*, vol. 1, p. 342; en J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel 1, p. 1.12.

22 C. Headlam (red.), *The Milner papers, South Africa 1897-1905*, vol. 1, A.M. Milner – J. Chamberlain, 28.03.1899, p. 341.

Rusland was onwillig en Italië was gereed om oorlog te voer.[23] Terwyl die verhouding tussen die ZAR, Brittanje en Portugal toenemend versleg het, was die betrekkinge tussen die ZAR en Nederland ook nie na wense nie. Volgens Kuitenbrouwer was die delikate situasie tussen Nederland en die Ooste ten tyde van die Jameson-inval in die ZAR aan die einde van 1895 die rede waarom die Nederlandse regering nie kon bekostig om die Britte uit te daag nie. Gevolglik is 'n streng beleid van neutraliteit sedert 1896 gehandhaaf.[24] Die Suid-Afrikaanse vraagstuk was gekoppel aan die debat oor koloniale besittings in die Ooste. Die feit dat die Britte verreweg die beste toegang tot die kommunikasielyne met Suid-Afrika gehad het en dus die mediadekking van gebeure beheer het, was 'n sterk herinnering dat Nederland nie onafhanklike ondersese kabels na Nederlands-Oos-Indië besit het nie en afhanklik was van die Britse netwerk.[25] In teenstelling met die emosionele reaksie van die Duitse keiser, wat dadelik 'n kontroversiële telegram ná afloop van die Jameson-inval vir Kruger gestuur het waarin hy sy steun aan die Boere beloof het, het die Nederlandse regering 'n week ná die Jameson-inval 'n versigtig bewoorde gelukwense na Pretoria gestuur. Hierdie houding het nie met verloop van tyd verander nie en het ook duideliker geword tydens die voorbereidings vir die Haagse vredes- of ontwapeningskonferensie, wat oor die tydperk 18 Mei tot 29 Julie 1899 plaasgevind het.[26]

Tydens die Haagse konferensie is die vraag bespreek van wat tydens beskaafde oorlogvoering toelaatbaar sou wees en wat verbied moes word.[27] In verband met oorlogvoering het die destydse Westerse wêreld ná die Amerikaanse burgeroorlog en die Frans-Duitse oorlog van 1870-1871 begin besin oor hoe om die felheid van oorlog in sekere opsigte aan bande te lê.[28] Ná 'n

---

23 W.J. Leyds, *Eenige correspondentie uit 1899 (zoogenaamde 'Eerste Verzameling')*, no. 8, W.J. Leyds – F.V. Engelenburg, 09.04.1899, pp. 9-10.

24 M. Kuitenbrouwer, *Nederland en de opkomst van het moderne imperialisme: koloniën en buitenlandse politiek 1870-1920*, p. 177; Sien ook V. Kuitenbrouwer, *War of words: Dutch pro-Boer propaganda and the South African war (1899-1902)*, p. 57.

25 V. Kuitenbrouwer, *War of words: Dutch pro-Boer propaganda and the South African war (1899-1902)*, p. 57.

26 M. Kuitenbrouwer, *Nederland en de opkomst van het moderne imperialisme: koloniën en buitenlandse politiek 1870-1920*, p. 177; Sien ook V. Kuitenbrouwer, *War of words: Dutch pro-Boer propaganda and the South African war (1899-1902)*, p. 57.

27 J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel 2, p. 13.1.

28 J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel 2, p. 13.1.

dreigement deur Brittanje dat hy die 1899-byeenkoms sou boikot indien die Boererepublieke ook teenwoordig was, het nóg die Republiek van die Oranje-Vrystaat nóg die Zuid-Afrikaansche Republiek ŉ uitnodiging na die konferensie ontvang.[29] Die feit dat Brittanje verhoed het dat die twee Boererepublieke na die Haagse vredeskonferensie uitgenooi word, kan beskou word as nog ŉ manier om die ZAR verder van die buitewêreld te isoleer. Abraham Kuyper het die Nederlandse regering daarvan beskuldig dat hy geen simpatie vir die Afrikaners gehad het nie. Hy het die regering dit verkwalik dat niks gedoen is om te sorg dat die Boererepublieke na die Haagse konferensie uitgenooi word nie.[30] Engelenburg het met Leyds oor die saak gekorrespondeer en geskryf dat die nie-uitnodiging van die ZAR en die Vrystaat na die Vredeskonferensie vir hom bietjie duister was. Hy het Leyds gevra of Van Boeschoten, toe hy in die maande van 1897 en 1898 in Leyds se plek waargeneem het, nie iets aan die saak gedoen het nie. Engelenburg het gevra dat Leyds hom oor die saak moes inlig, desnoods vir publikasie. Hy was bang dat die Nederlandse regering niks aan die saak sou doen nie.[31]

Die oorlogswolke in Transvaal was steeds aan die opbou, maar op 2 Junie 1899 het Engelenburg geskryf dat dit wou voorkom of alles rustiger in Pretoria was. Baie mense het uit Transvaal getrek uit vrees vir oorlog en hy het geglo dat die trekbeweging sy krag verloor het, want die mense het al hoe minder gepraat dat hulle die Republiek wou verlaat. Engelenburg het egter geglo dat die rustigheid net tydelik was.[32] Enkele weke later het dit gelyk of die gevaar van oorlog voorlopig afgeweer was omdat die Vrystaat en die Afrikaners in die Kaapkolonie hulle steun aan Transvaal gegee het. Engelenburg het geweet dat konflik op die lange duur moeilik vermy sou kon word. Hy was egter bly dat dit nog nie plaasgevind het nie. Ofskoon die

29 NASA, Pretoria, LA, vol. 103, deel II, Memorandum van *Die Brusselsch Comiteit voor Transvaal*, 16.12.1900. Toe die ABO reeds langer as ŉ jaar aan die gang was, het die Comiteit gemeen dat die Haagse vredeskonferensie ŉ egte misgeboorte was. Die Engelse veldhere in Suid-Afrika het die bepalinge van artikels 23, 25, 45, 46 en 50 van die reglement onbeskaamd misken. Volgens hulle kon die geld wat vir die konferensie aangewend is, beter gebruik word vir ŉ wesenlike nasionale belang of daadwerklik mensliewende werk.

30 NASA, Pretoria, LA, vol. 173, GB 159/99 en GZ R1372/99, C. van Boeschoten – Staatsekretaris, 04.05.1899.

31 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 07.05.1899.

32 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 02.06.1899.

Boeremag na sy oordeel sterk was, het hulle nog ŉ paar jaar tyd nodig gehad om hulle op militêre gebied beter voor te berei.[33]

Ten spyte van die ontdekking van die Witwatersrandse goudvelde in 1886 het dit nog nie aan Transvaal die ekonomiese vermoë verleen om ŉ sterk weermag op te bou nie. Vir die handhawing van sy veiligheid na buite moes die Republiek hom verlaat op die burgers wat in kommando's georganiseer was en wat boonop geen militêre opleiding geniet het nie. Ná die Jameson-inval het die Transvaalse regering wel die artilleriekorps uitgebrei, maar van ŉ weermag was daar geen sprake nie.[34] Engelenburg was dus duidelik bewus van bykans al die leemtes in die mondering van die ZAR. Daar was heelwat ruimte vir verbetering. Indien hulle die nodige tyd gegun kon word, sou die Transvalers ŉ gedugte opponent kon wees.[35] Ook die Britte was duidelik daarop bedag. Die Britse regering het opdrag gegee dat Alfred Milner reëlings met Kruger moes tref vir ŉ bespreking oor al die hangende geskilpunte, maar veral oor die stemregkwessie.[36]

Op versoek van die Britse regering is president M.T. Steyn en die eerste minister van die Kaapkolonie, W.P. Schreiner (1857-1919), gevra om as bemiddelaars tussen die hoë kommissaris en die Transvaalse staatspresident op te tree by ŉ konferensie wat in Bloemfontein gehou sou word, vier maande voor die uitbreek van die oorlog.[37] Daar is onder andere oor stemreg aan Uitlanders onderhandel. Kruger was gewillig om volle stemreg aan vreemdelinge te verleen ná verblyf van sewe jaar in plaas van veertien jaar. Milner was nie daarmee tevrede nie en wou dit tot vyf jaar verminder. Sy standpunt was dat Uitlanders ná naturalisasie ten spoedigste in staat gestel sou kon word om verteenwoordigers na die Eerste Volksraad te stuur en hulle invloed daar te laat geld. Kruger was daarteen gekant, want dit sou beteken dat hy die

[33] NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 27.06.1899.
[34] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* 1881-1899, deel IV, p. 156.
[35] NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 27.06.1899.
[36] C. Headlam (red.), *The Milner papers, South Africa 1897-1905*, vol. 1, pp. 360-361.
[37] C. Headlam (red.), *The Milner papers, South Africa 1897-1905*, vol. 1, pp. 365-368, 404-426.

onafhanklikheid van sy burgers sou moes prysgee.[38] Kruger het op die konferensie daarop gewys dat 'n groot aantal van die handtekeninge op die petisie aan koningin Victoria (waarvan vroeër melding gemaak is) op bedrog neergekom het. Selfs name van oorledenes en afwesige persone is op die lys geplaas.[39] Engelenburg, wat die konferensie bygewoon het, het daarna vir Leyds geskryf dat hy nie kop of stert van die byeenkoms kon uitmaak nie.[40] Hy het nie geweet wat die Britse regering se doel met die konferensie was nie en het die ZAR-regering aangeraai om geen enkele toegewing meer te maak nie. Kruger moes nie die indruk skep dat Transvaal 'n oorlog wou vermy deur toegewings nie.[41] Engelenburg het *De Volksstem* se lesers aangeraai om geen oorlog te verwag nie, maar om steeds op hul hoede te wees.[42]

Intussen het die situasie nie verbeter nie. Engelenburg het aan Leyds geskryf dat Abraham Fischer uit Bloemfontein in Pretoria aangekom het, terwyl Hofmeyr en "onze Smuts" in Bloemfontein gesit het in afwagting van wat in Pretoria gebeur. Fisher het Kruger tot verdere toegewings probeer oorreed, maar was op 28 Junie 1899 sonder welslae terug in Bloemfontein. "Onze Jan" Hofmeyr het daarna na Pretoria gegaan en aan die begin van Julie 1899 'n onderhoud met Kruger gaan voer.[43] Sy sending het ook geen tasbare resultate opgelewer nie, ofskoon die Eerste Volksraad die stemregwetsontwerp op 'n paar punte van ondergeskikte belang gewysig het. Die Volksraad het egter voet by stuk gehou oor die vereiste van sewe jaar van inwoning voordat burgerskap toegeken kon word.[44] Engelenburg het die algemene gevoel aan Leyds beskryf:

> Enfin, het is misére genérale, en de economiese toestand verergert.[45]

Die droogte en die runderpes gedurende die jare voor die oorlog het ook sy tol geëis.

---

38 S.J.P. Kruger, (F. Rompel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedicteerd aan H.C. Bredell en P. Grobler*, pp. 176-177. Sien ook J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel 1, pp. 1.13, 1.14.

39 S.J.P. Kruger (F. Rompel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedicteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, pp. 175, 177.

40 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 08.07.1899.

41 Redaksionele kommentaar, "Een politieke misgreep", *De Volksstem*, 07.06.1899; Redaksionele kommentaar, "De voleindigde konferentie", *De Volksstem*, 07.06.1899.

42 Redaksionele kommentaar, "Stemrechts-gedachten", *De Volksstem*, 21.06.1899.

43 C. Headlam (red.), *The Milner papers, South Africa 1897-1905*, vol. 1, pp. 446-449, 453.

44 C. Headlam (red.), *The Milner papers, South Africa 1897-1905*, vol. 1, A.M. Milner – Britse Visekonsul, Johannesburg, 21.07.1899, p. 453.

45 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 08.07.1899.

Die Britse hoë kommissaris het opdrag ontvang dat indien geen toegewings verkry kon word nie, lord Selborne die diplomatieke offensief dadelik moes hervat en tot militêre magsvertoon oorgaan. Wanneer daarop geen diplomatieke oorwinning volg nie, dan sou, aldus Milner, oorlog as die enigste alternatief oorbly. Onder sulke omstandighede sou dit beter wees om eerder nou te veg as oor vyf of tien jaar, want teen daardie tyd sou Transvaal sterker en vyandiger wees.[46] Chamberlain het ŉ smalende boodskap aan president Kruger gestuur en geskryf dat hy laag moes daal om in Nederlands vir Kruger te skryf. Om in Frans te skryf, met al die boeke wat hy kon raadpleeg, sou hom beter pas. As die linguis van die kabinet, is hy egter teen sy sin gevra om die brief te skryf:

> Goeden morgen, mijnheer. Ik hoop dat Mevrouw Krüger is zeer wel. Why that's almost English. Dutch not so difficult after all. But I can't do much with this dictionary. Haven't a phrase-book. Nothing like that French one, with the proverbs. Warm weder, is het niet? Maar gij zijt koel, you are uncommonly cool. Niet goed hoewel. You will have to climb down. Ik wensch U goeden dag. J. Chamberlain[47]

Behalwe dat hy neerhalend gepraat het van die Nederlandse taal wat Kruger na aan die hart gelê het, het die boodskap dit duidelik gemaak dat Chamberlain wou hê dat Kruger as president moes bedank.

Teen Julie 1899 was dit duidelik dat ook Portugal in die komende stryd nie aan die kant van die Republiek sou staan nie en dat Delagoabaai tot die beskikking van Brittanje sou wees. In duidelike taal het Engelenburg sy groot teleurstelling met Portugal te kenne gegee. Hy het gemeen dat indien Portugal ten gunste van ŉ vreemde moondheid afstand van Mosambiek sou doen, dit nie net vir die Portugese volk ŉ verlies sou wees nie, maar ook vir die Transvalers ŉ teleurstelling, veral indien die vyandige moondheid Lourenço Marques sou wou gebruik tot nadeel van die Afrikaners.[48]

---

46 C. Headlam (red.), *The Milner papers, South Africa 1897-1905*, vol. 1, A.M. Milner – W.W.P. Selborne, 17.05.1899, pp. 384-385.

47 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 1846, vol. 190, J. Chamberlain – S.J.P. Kruger, 12.07.1899.

48 Redaksionele kommentaar, "Lourenzo (sic) Marques", *De Volksstem*, 18.09.1898.

**Dr. Leyds in Brussel**

Van Boeschoten was nie bekwaam vir die werk in die gesantskantore in Brussel nie en Leyds het dringend iemand in sy plek gesoek. Leyds was van 28 Januarie tot 24 Maart 1899 in Pretoria om sekere sake in verband met sy werksaamhede as gesant met die ZAR-regering uit te klaar, asook sy verhouding met die regering. Leyds het Engelenburg probeer oortuig om na Europa te kom om die werk van Van Boeschoten oor te neem en in bevel te wees van die ZAR se belange in Brussel, van waar hy dan ook by die eventuele afwesigheid van Leyds in sy plek moes optree. Omdat daar weinig persone was wat vir die betrekking in aanmerking kon kom, het Leyds groot druk op Engelenburg geplaas om so 'n pos te aanvaar indien die regering vir Engelenburg sou kies om na Brussel te gaan.

Engelenburg het dit ernstig oorweeg, mits hy die voortsetting van *De Volksstem,* wat hy op soliede basis geplaas het, so kon reël dat hy nie sy belange daarin prysgee nie.[49] Dit is duidelik dat die regering nie Leyds se voorstel aangeneem het nie, want uit Parys het hy sy teleurstelling aan staatsekretaris F.W. Reitz te kenne gegee. Hy het dit jammer gevind dat daar mense was wat die benoeming van Engelenburg in die plek van Van Boeschoten, teengestaan het. Hy wou by Reitz weet wie die regering in die oog gehad het. Leyds het iemand nodig gehad wat die werk kon doen en wat kon optree as verteenwoordiger as hy uitstedig was. Kennis van tale was ook noodsaaklik. Hy het gereken dat as die ZAR-regering wou hê dat hy die werk moes doen, die gesantskap die nodige personeel moes hê.[50]

Op dieselfde dag het hy ook aan P.G.W. Grobler, onderstaatsekretaris van buitelandse sake, te kenne gegee dat hy dit jammer gevind het dat daar weer moeilikheid was met die benoeming van Engelenburg.[51] Engelenburg het aan Leyds geskryf dat hy nie bang was vir oorlog nie, veral omdat die Kruger-voorstelle binne vier weke in die Volksraad wet sou word, maar:

---

49 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 19.03.1899.

50 W.J. Leyds, *Eenige correspondentie uit 1899 (zoogenaamde 'Eerste Verzameling')*, no. 33, W.J. Leyds, Parijs – F.W. Reitz, Pretoria, 12.05.1899, p. 29.

51 W.J. Leyds, *Eenige correspondentie uit 1899 (zoogenaamde 'Eerste Verzameling')*, no. 34, W.J. Leyds, Parijs – P.G.W. Grobler, 12.05.1899, pp. vi en 32.

> [h]oe is alles veranderd sedert u Pretoria verliet, nie waar? U begrypt dat ik tans niet meer denk aan Brussel; myn plaats is aan de Volksstem-redactie.[52]

Leyds was met sy hande in die hare, want bykomend by die substansiële korrespondensie met 'n aantal konsuls en ander semi-amptelike verteenwoordigers was hy toegegooi onder briewe van mense wat allerhande hulp aangebied het, hulle beskikbaar gestel het om vir die Afrikaners te gaan veg of advies gegee het in die vorm van gevegstrategieë en duur uitvindsels van nuwe wapentuig. Hoewel die meeste briewe nie enige waarde gehad het nie, het Leyds sy personeel streng opdrag gegee om op elke brief te reageer omdat hy nie die risiko wou loop om die welwillendheid van die publiek te verloor nie.[53] As gevolg van dié opdrag was die gesantskap se kantoor baie besig gedurende die maande voor en tydens die Anglo-Boereoorlog. Leyds moes meer as 'n dosyn administratiewe beamptes aanstel. Sommige het slegs 'n paar weke lank diens gedoen. Dit het nie konsekwentheid in die administrasie van die kantoor bevorder nie. Belangriker was die feit dat daar intern 'n konstante vrees vir spioenasie bestaan het. Van die permanente personeel het hulle ook nie juis as baie bekwaam bewys nie.[54]

**Engelenburg en *De Volksstem* aan die vooraand van die Anglo-Boereoorlog**

Engelenburg het beplan om in die middel van 1899 Europa te besoek om onder andere sy broer Willem[55] se huwelik met Alice Emily Longden, die dogter van 'n voormalige goewerneur van Ceylon, wyle sir James Longden (1827-1891),[56] by te woon.[57] 'n Anglo-Hollands-Indies-Transvaalse familiefees sou juis in sy smaak val.[58]

---

[52] NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 12.06.1899.

[53] L.E. van Niekerk, "Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 43(1), 1980, pp. 60-61.

[54] V. Kuitenbrouwer, War of words: Dutch pro-Boer propaganda and the South African War (1899-1902), p. 99; Sien ook V. Kuitenbrouwer, *War of words: Dutch pro-Boer propaganda and the South African War (1899-1902)*, pp. 111-112.

[55] Willem is ook soms Wilhelm genoem.

[56] James Robert Longden het in 1865 goewerneur van Dominica, in 1867 goewerneur van Brits-Honduras, in 1870 goewerneur van Trinidad en in 1874 van Brits-Guyana geword en was daarna van 1876 tot met sy aftrede in 1883 goewerneur van Ceylon.

[57] NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 27.06.1899.

[58] NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – L.W.S. Leyds, 08.05.1899.



Illustrasie 31: Links is Willem Engelenburg (1865-1923) in sy jonger dae saam met 'n vriend.
Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

Op 7 Augustus het hy aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat hulle hopelik daardie week nader aan ŉ oplossing sou kom met betrekking tot die naderende krisis, hetsy oorlog of vrede daaruit voortvloei. Hy het gemeen dat dit tyd geword het dat die Londense dreigemente tot ŉ einde kom. Ofskoon Engelenburg reeds sy kaartjie vir die bootreis na Europa ontvang het, het hy nie kans gesien om in die onsekere toestande weg te gaan indien sy teenwoordigheid dalk in Pretoria benodig word nie. Sy plan om na Europa te vertrek het hy laat vaar toe die oorlogswolke weer dreigend saamgepak het.[59] Oor sy eie lewe gedurende dié tydperk het hy gemeen dat:

> [w]are ik in Nederland gebleven, zou [het] een geheel ander bestaan geweest zijn, minder ge-agiteerd, minder bewegelik, maar ook geheel on-interessant.[60]

Engelenburg was vas oortuig dat sy toekoms by die Afrikaners gelê het en dat dit opheffend vir hom was om te kon meewerk aan hulle sukses in die aanvangsworstelinge.[61] Engelenburg was teen 1899 eienaar van *De Volksstem*, wat ekonomies goed gevaar het, en ook eienaar van die twee erwe wat hy in 1898 gekoop het om later ŉ huis op te bou. Daarby het hy in 1895 burger van die ZAR geword. Dit is dus te verstaan dat hy hom tien jaar ná sy aankoms in Suid-Afrika al hoe meer ŉ Transvaler gevoel het.

Engelenburg het in hierdie moeilike tyd in die ZAR se geskiedenis ook ŉ duidelike geestelike meelewing met die Afrikaner geopenbaar. Op Sondag 20 Augustus 1899 het hy ŉ diens in die Gereformeerde Kerk in Kerkstraat-Wes bygewoon wat deur president Kruger gehou is. Hy het dit beskryf as ŉ plegtige en aandoenlike oggend en het gewens dat die mense in Brittanje die erns kon gadeslaan waarmee die Transvalers besiel was.[62] Teen daardie tyd was Engelenburg oortuig dat oorlog binnekort sou uitbreek. Die hele volk was gereed vir oorlog en het gereed gestaan om te doen wat hulle kon.[63] Hy het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat hy waarskynlik self na die Natalgrens sou vertrek. Sy twee ryperde was gereed en hy het ŉ

---

59 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, Maandag, 07.08.1899.

60 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 22.08.1899.

61 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 22.08.1899.

62 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 22.08.1899.

voorgevoel gehad dat die Engelse ŉ goeie drag slae sou kry. Hy het haar gevra om briewe aan hom via Delagoabaai te stuur omdat hy geglo het dat ŉ kommunikasieroete van een of ander aard daar sou oopbly.[64]

Toe dit duidelik word dat oorlog onafwendbaar was, het Marie Koopmans-De Wet in Kaapstad alles in haar vermoë gedoen om die oorlog te verhoed. Sy het die voortou geneem met die opstel van ŉ vredespetisie wat deur vroue van die Kaapkolonie geteken moes word. Binne ŉ kort tyd was daar 16 750 handtekeninge onder die versoekskrif waarin die Britse koningin gevra is om ŉ vreedsame oplossing ten opsigte van die probleme tussen Brittanje en Transvaal te bewerkstellig. Die versoekskrif saam met ŉ pamflet van Olive Schreiner is aan die koningin voorgelê, maar die privaat sekretaris van die koningin, Arthur Bigge, het dit aan Marie Koopmans-De Wet teruggestuur met die verskoning dat dit ŉ vaste reël was dat publikasies van ŉ politieke, redetwistende aard deur een van die verantwoordelike ministers voorgelê moes word. Mev. Koopmans-De Wet was verontwaardig dat geen minister onderneem het om dit aan die koningin te oorhandig nie. Dit was egter te betwyfel of dit enige verskil sou maak, aangesien die regering aan die Britse laerhuis verantwoording moes doen van politieke besluite, ongeag die persoonlike gevoelens van die koningin.[65]

Engelenburg het tot met die uitbreek van die oorlog beriggewing geplaas van protesvergaderings in Nederland waarin simpatie teenoor Transvaal uitgespreek is. Hy het byvoorbeeld verslag gedoen oor ŉ protesvergadering wat op 6 September 1899 in Rotterdam gehou is ter bespreking van die Transvaalse krisis. ŉ Mosie is tydens die vergadering aanvaar: (1) dat die Nederlanders wat die vergadering bygewoon het, hulle geneentheid betuig het vir die stamverwante volk in die ZAR wat ŉ moeilike tyd beleef het; (2) dat hulle vertroue gestel het in die regverdigheidsin van die Britse volk; (3) dat hulle oortuig was dat onvolledige kennis deur eensydige en onjuiste voorstelle van die gebeurtenisse die oorsaak was dat die Britse regering vyandig teenoor die

63 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 22.08.1899.

64 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 22.08.1899.

65 F.S. Malan, *Marie Koopmans-De Wet*, pp. 194-201.

ZAR was; (4) dat die Engelse regering geen reg gehad het om in die binnelandse aangeleenthede van die ZAR in te meng nie; en (5) dat die Britse volk, wat self vir sy vryheid alles veil gehad het, hom daaraan moes herinner dat die Transvalers in die verlede reeds vir hulle vryheid geveg het en ook nou hulle onafhanklikheid sou verdedig. Die vergadering het 'n beroep op die Britse volk gedoen om nie langer 'n politiek te steun wat met die verbreking van plegtige verbintenisse die onafhanklikheid van die ZAR sou aantas nie en om hom nie in te laat by 'n onregverdige en heillose oorlog wat ellende oor die hele Suid-Afrika sou bring en 'n onuitwisbare smet op die eer van Groot-Brittanje sou werp nie.[66] Engelenburg het self ook die Britse regering veroordeel vir sy oorlogsbeleid ten opsigte van Suid-Afrika.[67] Hy het gemeen dat die Transvaalse Boere hulle land oopgestel het vir alle nasionaliteite en tydens die Jameson-inval by Doornkop getoon het dat hulle die mag gehad het om ongewenste vreemdelinge in bedwang te hou.[68]

Voor die oorlog is *De Volksstem* in al vier die Suid-Afrikaanse gewestes, naamlik die Kaapkolonie, Natal, die Oranje-Vrystaat en Transvaal gelees. In Natal is *De Volksstem* in 13 oorwegend Afrikaanssprekende dorpe gesirkuleer. Die sirkulasie was in Kaapland beperk tot 27 sentra in die oorwegend Afrikaanssprekende Westelike Provinsie en Noordoos- en Noordwes-Kaapland. Die koerant is ook in 24 dorpe in die Oranje-Vrystaat verkoop. Die Transvalers was egter die grootste ondersteuners, veral in die digbewoonde Suid-, Oos- en Wes-Transvaal. Die koerant is na 194 dorpe en stede in Transvaal versprei. Dit is ook na Mosambiek (twee dorpe), Damaraland (een dorp), Matabeleland (een dorp) en Swaziland (vier dorpe) versprei. *De Volksstem* was dus veral invloedryk in die ZAR, die Oranje-Vrystaat en Kaapland. In Europa is dit na 35 stede versprei. Veral in Nederland, België en Duitsland was daar 'n aantal intekenare.[69] Britse politieke leiers in Suid-Afrika sou sonder twyfel ook op die hoogte gehou word van wat in *De Volksstem* verskyn het, veral wanneer kritiek op die Britse regering ter sprake was. Omdat die

66 Anon., "Hollands protest", *De Volksstem*, 06.09.1899.

67 Redaksionele kommentaar, "Ongemotiveerde zenuwachtigheid", *De Volksstem*, 12.08.1896; Redaksionele kommentaar, "Portugese politiek I", *De Volksstem*, 19.01.1897; Redaksionele kommentaar, "Diplomatieke schermutseling", *De Volksstem*, 06.05.1899; Redaksionele kommentaar, "Die Anglo-Duitse entente", *De Volksstem*, 10.09.1898; Redaksionele kommentaar, "De huidige situatie", *De Volksstem*, 15.04.1899; Redaksionele kommentaar, "De Duitse wereld-faktor", *De Volksstem*, 22.04.1899; Redaksionele kommentaar, "Oorlogsgeruchten", *De Volksstem*, 29.04.1899.

68 Redaksionele kommentaar, "Ongemotiveerde zenuwachtigheid", *De Volksstem*, 12.08.1896.

69 Anon., "De Volksstem wordt geregeld gelezen in de navolgende plekken", *De Volksstem*, 07.10.1899.

blad se grootste sirkulasiegebied die Transvaalse platteland was, het *De Volksstem* groter verspreidingsprobleme gehad as 'n blad wat 'n gekonsentreerde stedelike lesersgroep gehad het. Voor die oorlog is in Pretoria van verteenwoordigers gebruik gemaak en aflewering is deur perderuiters gedoen.[70] Aflewering aan die plattelandse lesers het deur middel van die spoorweg- en posverbindings plaasgevind.[71]

Teen middel September 1899, ongeveer drie weke voor die uitbreek van die oorlog, is lesers buite Pretoria gewaarsku dat die koerant slegs aan die gewone adresse gestuur sou word, solank die posdiens nog in werking was. Deur 'n kennisgewing is die koerant se lesers ingelig dat aflewering in Pretoria wat per perderuiter geskied, gestaak sou word indien 'n oorlog uitbreek.[72] Engelenburg het voorgestel dat, sou oorlog uitbreek, die intekenaars die koerant daagliks by *De Volksstem* se kantore kon kom afhaal.[73] As alternatief kon lesers in die veraf distrikte 'n gesamentlike plan maak en 'n boodskapper na die koerant se kantoor stuur om hulle koerante te kry.[74] Kort nadat oorlog verklaar is, is 'n nuwe stelsel van daaglikse aflewering gevolg. Jong seuns het die koerant in die strate van Pretoria verkoop en die geld wat so verdien is, was 'n welkome aanvulling van die karige verdienste van die vroue wat alleen tuis agtergebly het nadat hulle eggenotes en ouer seuns na die oorlogsfront vertrek het.[75] Van die hoof van die departement telegrafie van die ZAR het Engelenburg in September 1899 die volgende verklaring verkry:

> Het Hoofd van Telegrafie der Z.A. Republiek verklaart by dezen dat
>
> <u>Dr. F.V. Engelenburg, Pretoria</u>,
>
> editeur der Volksstem en vertegenwoordiger van verscheiden nieuws-agentschappen en koeranten, in zijn hoedanigheid van Transvaalsch journalist en tevens burger der Z.A.R., aanspraak mag maken op de bystand en gunstige bejegening der ambtenaren van mijn Departement met wie genoemde Dr. Engelenburg in aanraking mocht komen gedurende enige toekomstige gebeurlijkheden.

70 J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volkstem en Wallachs' drukkers en uitgewers maatskappy beperk*, bl. 19.
71 R. Peacock, Geskiedenis van Pretoria 1855-1902, pp. 93-94.
72 "De Volksstem", *De Volksstem*, 16.09.1899 (Kennisgewing).
73 "De Volksstem", *De Volksstem*, 16.09.1899 (Kennisgewing).
74 "De Volksstem", *De Volksstem*, 16.09.1899 (Kennisgewing).

C.K. van Trotsenburg,
Hoofd van Telegrafie der Z.A.R.[76]

Die stuur van telegramme was tot laat in die 20ste eeu veral gebruik om hoogs vertroulike inligting vinnig by mense of instansies te kry. Berigte is deur middel van ŉ metaaldraad wat oor pale gespan is of ondergronds of op die seebodem gelê is, in ŉ elektromagnetiese vorm van plek tot plek oorgedra. ŉ Persoon wat ŉ dringende boodskap wou stuur, het na die telegraafkantoor (gewoonlik was dit by die plaaslike poskantoor) gegaan. Die boodskap is op ŉ telegramvorm geskryf en ŉ bedrag is bereken wat die afsender moes betaal. Daarna het die telegrafis met ŉ telegraaftoestel die boodskap in skryftekens omgeskakel, waarna dit gestuur is na die telegraafkantoor wat die naaste aan die ontvanger van die boodskap was. Daardie telegraafkantoor het die skryftekens met behulp van ŉ telegraaftoestel weer omgeskakel na woorde en dit op papier geskryf, waarna dit so gou moontlik by die gegewe adres van die ontvanger afgelewer is.[77]

Engelenburg het dit oorweeg om ook ŉ Engelse koerant uit te gee om die saak van die Boere in die buiteland te stel. Hy het vir Leyds geskryf dat hy daaraan gedink het om ŉ weekblad, soortgelyk aan *The Economist*, *Critic* en *South Africa*, uit te gee. Hy sou dan vir ene Short[78] as vertaler gebruik.[79] Engelenburg het gemeen dat as die regering £60 per maand sou bydra, hy die balans van die NZASM, Sammy Marks en andere sou kry. Vir £60 per maand sou die regering minstens 250 eksemplare per week ontvang wat hy as ruilnommer of as gratis eksemplare na kollegas in Europa, Amerika en Suid-Afrika kon stuur want

> *[E]lke*[80] belangrijke koerant zal *The Weekly Volksstem* ontvangen.

Eventuele inkomste sou ŉ bonus vir die *Volksstem*-besigheid wees. Aanvanklik sou dit ŉ erg beskeie koerantjie wees. Engelenburg het versoek dat indien Leyds die gedagte steun, hy ŉ

---

75 Anon., "Onze koerantenjongens", *De Volksstem*, 30.10.1899.
76 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Verklaring van C.K. van Trotsenburg, September 1899.
77 F.J. Labuschagne en L.C. Eksteen (reds.), *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 918.
78 Die voorletters van mnr. Short is onbekend.
79 NA, Den Haag, W.J. Leyds-versameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 03.03.1898.
80 In die oorspronklike teks is 'Elke' dubbel onderstreep.

formele brief aan die regering sou skryf.[81] Geen spoor kon egter gevind word dat Engelenburg wel so 'n koerant uitgegee het nie.

Engelenburg het met Leyds in Brussel in verbinding gebly en kort voor die uitbreek van die oorlog het Leyds by William B. Fitts, die verteenwoordiger van die *North American Review*, aanbeveel dat die redakteur van *De Volksstem* 'n bydrae oor die oorlogstoestand in Suid-Afrika skryf. Leyds het ook via G. Pott, die konsul-generaal in Mosambiek, vir Engelenburg gevra om 'n artikel oor die toestande in die ZAR te skryf.[82] Engelenburg het dadelik daarmee begin en het gehoop dat dit die nodige aandag sou trek, te meer indien Leyds sou help om die inhoud wyd bekend te maak.[83] Engelenburg se artikel, *A Transvaal View of the South African Question*, was een van drie artikels met die oorkoepelende tema *Britain and the Boers: both sides of the South African question* wat in 1899 in New York verskyn het.[84] Dit was die eerste pro-Boerebydrae wat in dié gesaghebbende publikasie verskyn het. Sydney Brooks (*England and the Transvaal*) en A. Diplomat (*A vindication of the Boers*) was die ander outeurs.[85] Engelenburg het £40 vir die artikel ontvang.[86] Bykomend by sy besige skedule by sy eie koerant het hy ook, soos voor die oorlog, as korrespondent vir die internasionale pers opgetree. Hy het steeds werk vir die Franse nuusagentskap Havas gedoen, en was spesiale die korrespondent vir *The New York Journal* van William Randolph Hearst, sowel as 'n aantal koerante in die Nederlande en Nederlands-Oos-Indië.[87] Engelenburg was egter bekommerd omdat sy koerant voor die oorlog reeds finansieel groot skade begin ly het. Die advertensies het verminder en hy kon nie sy kantore verhuur kry

81 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 03.03.1898.

82 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 14.08.1899.

83 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 14.08.1899.

84 F.V. Engelenburg, "A Transvaal view of the South African question" in *The North American Review*, Oktober 1899 (NAR Publishing Co., New York, 1899).

85 F.V. Engelenburg, "A Transvaal view of the South African question" in *The North American Review*, Oktober 1899, pp. 473-487.

86 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 5, sublêer 16, Redakteur, *The North American Review*, New York – F.V. Engelenburg, Pretoria, 20.09.1899.

87 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, volumes 206-209. Op verskeie bladsye in die volumes is dokumentasie en fakture wat aantoon dat Engelenburg nuus voorsien het aan buitelandse nuusagentskappe en die internasionale pers.

nie. Om die koerant op volle stoom aan die gang te hou "wordt zelfs voor een joernalist afmattend".[88]

Die *Pretoria News, The Press* en ander koerante het kort voor die uitbreek van die oorlog hulle werksaamhede gestaak en teen 30 September 1899 het *De Volksstem*, nou die enigste koerant wat in Pretoria verskyn het, een van die min oorblywende skakels tussen die mense van Pretoria, die gebeure op die oorlogsfront en die buitewêreld geword.[89] Voor die oorlog, toe daar ander koerante ook in omloop was, het *De Volksstem* die grootste sirkulasie gehad. Van Oktober 1899 tot 4 Junie 1900 het dié koerant se oplaag verder vergroot. Gegewens betreffende die presiese sirkulasiesyfers is nie beskikbaar nie.[90]

Engelenburg het gesorg dat die oorlogskorrespondente goed georganiseer was. Meer as 25 korrespondente is in verskillende dele van die land ontplooi en sommige moes saam met die kommando's beweeg.[91] Engelenburg se aanvanklike idee 'n jaar tevore om 'n Engelse weekblad, soortgelyk aan *The Economist*, *Critic* en *South Africa* uit te gee, het hy waarskynlik laat vaar toe hy besluit het om *De Volksstem* in Engels sowel as Nederlands uit te gee. Engelenburg het as rede vir die besluit aangevoer dat, as gevolg van die sluiting van *The Press*, 'n Engelse uitgawe van *De Volksstem* spesiaal bedoel was om diegene wat die regering simpatiekgesind was, maar wat nie goed onderlê was in die Nederlandse taal nie, van daaglikse nuus te voorsien.[92] Die Engelse uitgawe sou die nuutste nuus in verband met die huidige krisis dek, asook die belangrikste hoofartikels en ander nuus wat veral op die Engelssprekende deel van die gemeenskap betrekking gehad het. Dit sou ook dien om die standpunt van *De Volksstem* aan Engelssprekende lesers te stel.[93] Die eerste spesiale Engelse uitgawe het op Maandag 2 Oktober

88 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 11.09.1899.

89 H.P.H. Behrens, "The Pretoria press story" in S.P. Engelbrecht, J.A.I. Agar-Hamilton, A.N. Pelzer en H.P.H. Behrens (reds.), *Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die stad Pretoria*, p. 356. Sien ook H.P.H. Behrens, "The colourful past of the press", *Pretoria News*, 26.10.1955.

90 J.M. Schoeman, Koerantberiggewing oor die krisisdae 25 September tot 20 Oktober 1899: 'n kritiese metodologiese analise, p. 35.

91 Anon., "English 'Volksstem'" in *De Volksstem, Special Edition,* 02.10.1899.

92 NASA, Pretoria, Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Argief van die Staatsekretaris (SS), 8131, R14151/99, I. Wallach – Staatsekretaris, 07.10.1899.

93 NASA, Pretoria, TAB, SS, 8131, R14151/99, I. Wallach – Staatsekretaris, 07.10.1899. Sien ook Anon., "English 'Volksstem'" in *De Volksstem, Special Edition,* 02.10.1899.

1899 om 07:15 verskyn en was beskikbaar by die kantore van *De Volksstem* en ook by C. Basson en Kie, wat toe nog die dorpsagent vir *The Press* was. Verder kon dit, soos reeds genoem, ook by die koerantverkopers langs die strate gekoop word. Behalwe die gewone uitgawes het *De Volksstem* twee keer per dag spesiale nuusberigte in beide Nederlands en Engels gepubliseer.[94] Op 14 Oktober 1899 sou papierskaarste Engelenburg laat besluit om sy koerant tydelik te verklein en die koerant het nou slegs twee bladsye beslaan.[95] Dit is waarskynlik ook gedoen vanweë die feit dat die personeel by die Pretoria-kantoor uitgedun was. Die personeel is feitlik almal opgeroep vir diens by die verskillende oorlogsterreine.

**Oorlog onvermydelik**

Teen September 1899 was daar klaarblyklik min kans dat die diplomatieke stryd tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en Groot-Brittanje sonder 'n militêre botsing geskik sou kon word. Oorlog was onvermydelik. Nogtans was Engelenburg steeds van mening dat 'n vreedsame oplossing gevind kon word. Sy sienswyse was dat van al die koerante wat die goeie en regverdige saak van die Boere verdedig het, *De Volksstem* steeds die besadigste en kalmste was. Engelenburg het in daardie stadium nog gedink dat die oorlog wat Brittanje op die ZAR wou afdwing, vermy sou kon word. Indien die Britse regering nie sy optrede wou staak nie, sou die ZAR uit selfverdediging moes optree.[96] Hy het ontken dat die Transvaalse regering aggressief was en dat dit eerder die Britte was wat die Republiek in die stryd in gedwing het. Transvaal het volgens hom voldoende jobsgeduld teenoor die Britse uittarting aan die dag gelê, want

> [t]ot op die laaste oomblik is gehoop dat Engeland die onmenslike en barbaarse van die oorlog, wat 'n skandvlek in die Britse geskiedenis sou bly, sou insien ....[97]

Van Julie 1899 tot met die uitbreek van die oorlog op 11 Oktober het 'n groot uittog uit Pretoria plaasgevind. Britte, swartes en bruinmense het hulle goed inderhaas gepak en gevlug. Met spesiale treine wat deur die regering beskikbaar gestel is, het mans, vroue en kinders na Natal of die Kaap vertrek. Hulle het die oorlog so gevrees dat baie in oop steenkooltrokke gevlug het,

---

94 Anon., "English 'Volksstem'" in *De Volksstem, Special Edition,* 02.10.1899.
95 *De Volksstem* van 14 Oktober 1899 af.
96 Redaksionele kommentaar, "Getrouw aan hun woord", *De Volksstem*, 23.09.1899.
97 Redaksionele kommentaar, "Een zuiveringsproces", *De Volksstem*, 30.09.1899.

gepak soos 'n ton haringvisse.[98] Verder het die regering besluit dat Indiërs, Arabiere en Chinese handelaars en hulle werkers onmiddellik die land moes verlaat.[99] Sommige winkels en ook die banke is toegelaat om oop te bly. Hulle moes hul personeel egter beperk tot 'n getal wat deur die regering voorgeskryf is.[100] Aan sekere Britse onderdane wat die ZAR goedgesind was, is permitte uitgereik om in die ZAR aan te bly. Hulle kon egter nie hulle woongebied verlaat sonder spesiale verlof nie.[101]

Oor die algemeen het die Nederlanders in Pretoria geweet dat die stryd van die Boere ook hulle stryd vir vryheid en reg was. Min Nederlanders het Suid-Afrika aan die vooraand van die oorlog verlaat, in teenstelling met ander groepe buitelanders, soos hier bo beskryf.[102] In hierdie vooroorlogse staat van onsekerheid het die misdaadsyfer in Pretoria begin styg en het huisbrake en diefstal meer dikwels voorgekom.[103] Huisvroue het kruideniersware en voorrade opgekoop en in hulle huise geberg.[104] Teen die middel September 1899 het die dorpsbewoners skietoefeninge begin bywoon. Selfs die vroue het skietlesse geneem.[105] Engelenburg het geskryf dat die "aanhoudende geweerschoten" elke aand ná werk gehoor kon word. Hy het verduidelik dat die inwoners van Pretoria druk besig was om hulle "vertrouwd te maken met de oorlogs-instrumenten".[106] As die enigste kommunikasiemedium was *De Volksstem* gedurende hierdie vooroorlogse tyd 'n waardevolle propagandawerktuig in die hande van die ZAR-regering.[107]

98 Anon., "Daar gaan ze", *Speciale Editie van De Volksstem*, 13.10.1899.
99 NASA, Pretoria, LA, vol. 681, deel I, p. 72, Secretary Committee for reviewing British permits – State Secretary, Pretoria, 13.10.1899.
100 NASA, Pretoria, LA, vol. 682, deel I, p. 70, Landdroskantoor – Staatsekretaris, 13.10.1899.
101 NASA, Pretoria, ZAR, vol. 16, Tweede Volksraadsnotules van die ZAR 1899, art. 940, 13.10.1899. Kyk ook *Buitengewone Staats-courant*, deel XIX, no. 1069, 20.10.1899.
102 G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers Republiek 1884-1899*, p. 54.
103 Anon. "Twee branden", *De Volksstem*, 04.10.1899.
104 F.J. du T. Spies, "Uit die briewe van Arnold Theiler" in *Pretoriana*, 29, April 1959, p. 25.
105 Redaksionele kommentaar, "Is het genoeg?", *De Volksstem*, 23.09.1899.
106 Redaksionele kommentaar, "Wat nu! Het begin van het einde", *De Volksstem*, 27.09.1899.
107 Redaksionele kommentaar, "De huidige situatie", *De Volksstem*, 15.04.1899; Redaksionele kommentaar, "Oorlogsgeruchten", *De Volksstem*, 29.04.1899; Redaksionele kommentaar, "Diplomatieke schermutseling", *De Volksstem*, 06.05.1899; Redaksionele kommentaar, "In naam des volks", *De Volksstem*, 13.05.1899; Redaksionele kommentaar, "Schietwedstrijd", *De Volksstem*, 13.05.1899; Redaksionele kommentaar, "Een twede appelkar omver", *De Volksstem*, 17.05.1899; Redaksionele kommentaar, "Een niew komplot", *De Volksstem*, 17.05.1899; Redaksionele kommentaar, "De Transvaalse toestand: Oorlogswolken", *De Volksstem*, 17.05.1899; Redaksionele kommentaar, "De aanstaande ontmoeting tussen President Steijn, de Britse Hoge Kommissaris voor Z.A. en President Kruger", *De Volksstem*, 20.05.1899; Redaksionele kommentaar, "Wat nu! Het begin van het einde", *De Volksstem*, 27.09.1899; Redaksionele kommentaar, "De

Engelenburg het in *De Volksstem* 'n duidelike beeld gegee van die spanning waarin die volk van April tot einde September 1899 verkeer het. Heelwat ruimte is aan korrespondensie afgestaan. Die oorgrote meerderheid briefskrywers het by die regering aangedring om geen toegewings te maak nie, maar die ondraaglike spanning te verbreek en liewer oorlog te voer. Aan die ander kant het dit ook geblyk dat 'n aansienlike deel van die volk teen oorlog gekant was. Ten einde die gevoelens van die volk te toets, het Engelenburg ook briewe van die teenstanders geplaas.[108] Engelenburg het sy bes gedoen om gemoedere te kalmeer.[109]

**Die Hollanderkorps en die burgers maak gereed vir oorlog**

Heelwat Nederlanders het tot die stryd toegetree. Soos die Duitsers, Iere en Skandinawiërs het die Nederlanders hulle al voor die uitbreek van die oorlog in 'n vrywilligerkorps georganiseer, bekend as die Hollanderkorps. Die jonger Nederlanders was driftig in hulle ywer en het die regering probeer aanpor tot oorlog.[110] C. Plokhooij was lid van die Hollanderkorps en het verklaar dat die Nederlanders "dom" was omdat hulle voortdurend gewens het dat die oorlog spoedig uitbreek sonder om werklik te weet wat oorlog is. Hulle het gemeen dat die Boereleiers laks was omdat hulle nie eerste met die vyandelikhede wou begin nie.[111]

---

oorlogskansen", *De Volksstem*, 12.08.1899; Redaksionele kommentaar, "Portugal's houding", *De Volksstem*, 19.08.1899; Redaksionele kommentaar, "Kunstmatige agitatie", *De Volksstem*, 01.07.1899; Redaksionele kommentaar, "De Jameson-burgers", *De Volksstem*, 24.05.1899; Redaksionele kommentaar, "De voleindigde konferentie", *De Volksstem*, 07.06.1899; Redaksionele kommentaar, "Pretoria's publiek", *De Volksstem*, 21.06.1899; Redaksionele kommentaar, "Notulen der Bloemfontein Conferentie", *De Volksstem*, 24.06.1899.

108 B.C. Lottering (korr.), "Waarschuwing", *De Volksstem*, 12.04.1899; D.P. Joubert (korr.), "Weg met Engelse bemoeiingen", *De Volksstem*, 19.04.1899; H. Esterhuizen (korr.), "Een verdediging", *De Volksstem*, 03.05.1899; Een Hollander (korr.), "God behoede Transvaal", *De Volksstem*, 06.05.1899; B.C. Lottering (korr.), "Uitlander-verplichtingen", *De Volksstem*, 06.05.1899; C.S. Neethling sr. (korr.), "Open brief. Aan de HEd. Regering der ZA Republiek", *De Volksstem*, 24.05.1899; P.K. Loveday (korr.), "Krijgsdienst door vreemdelingen", *De Volksstem*, 10.05.1899; H.N. Wissink (korr.), "De arme uitlander", *De Volksstem*, 20.05.1899; M.H. Otto (korr.), "Jameson-burgers. Geen knoeiers meer", *De Volksstem*, 20.05.1899; Hercules Malan (korr.), "Ernstige waarschuwing", *De Volksstem*, 24.05.1899; Andreas Coetsee (korr.), "Chamberlain's verenigde kommissie", *De Volksstem*, 12.08.1899; B.C. Lottering (korr.), "Naar de grenzen", *De Volksstem*, 30.08.1899; S.D. de Wet (korr.), "Geen aarzeling meer!", *De Volksstem*, 30.08.1899; D.P. Faure (korr.), "Oorlog en daarna", *De Volksstem*, 30.08.1899.

109 Redaksionele kommentaar, "Getrouw aan hun woord", *De Volksstem*, 23.09.1899.

110 C. Plokhooij, *Met den Mauser: persoonlijke ervaringen in den Zuid-Afrikaanschen Oorlog*, p. 2.

111 C. Plokhooij, *Met den Mauser: persoonlijke ervaringen in den Zuid-Afrikaanschen Oorlog*, p. 1.

Die leidende figure in die oprigting van die Hollanderkorps was H.J. Coster (advokaat) en C.G. de Jonge (gewese Inspekteur van Onderwys). Op 7 September 1899 is ŉ kommissie verkies met die doel om die oprigting van ŉ eie korps te ondersoek. Twee weke later het hulle tydens ŉ algemene vergadering van sowat 800 Nederlanders en oud-Nederlanders in die Caledonian Hall verslag gedoen.[112] ŉ Eie Hollandse korps sou tot stand gebring word, met sy eie offisiere en kommissariaat onder bevel van die kommandant-generaal van die ZAR. Die toekomstige korps sou uit twee afdelings bestaan, naamlik ŉ "garnisoendiens" vir die bewaking van Pretoria en ŉ "velddiens" wat as berede infanterie saam met die Boeremagte sou optrek.[113] Die werwing van lede het spoedig begin. Volgens ŉ besluit van die Uitvoerende Raad is alleen die Pretoriase en Johannesburgse Nederlanders toegelaat om by die Hollanderkorps aan te sluit.[114] Op 22 September het die korpslede weer in die Caledonian Hall vergader. Die afdeling velddiens is in pelotons onderverdeel, onder leiding van onderskeidelik luitenante H.J. Coster, C.G. de Jonge, J.C. Goldman, R.W. Nijenes, K. van Rijsse, en ŉ sekere Lesturgeon en De Kiewit.[115] Wapens, ammunisie, perde, saals en tooms is deur die regering verskaf.[116] Soos die Boerekommando's het die korpslede geen uniforms gedra nie. Heelwat oefeninge is voor die uitbreek van die oorlog gehou omdat baie van die manskappe nog nooit geskiet of ŉ perd gery het nie.[117] Engelenburg was nie ŉ lid van die korps nie. Hy het wel ŉ voorsprong bo die korpslede gehad omdat hy sedert sy kinderjare in Nederland perd gery het[118] en die wildste perd kon tem.[119]

Op 14 Augustus het veldkornet Melt Marais in Pretoria wapens uitgedeel aan die burgers wat nog nie gehad het nie. Volgens Engelenburg was die artillerie gereed en toe hy twee dae tevore

112 NASA, Pretoria, TAB, SS, 8057, R13356/99, 21.09.1899. Verslag.
113 NASA, Pretoria, TAB, SS, 8057, R13356/99, 21.09.1899. Verslag.
114 Redaksionele kommentaar, "De lendenen omgord", *De Volksstem*, 09.09.1899.
115 NASA, Pretoria, TAB, SS, 8057, R13361/99, 27.09.1899. Verslag.
116 NASA, Pretoria, TAB, Argief van die Kommandant-generaal (KG), 381, 7246/99, 28.09.1899, 7248/99, 28.09.1899 en 7250/99, 28.09.1899; TAB, KG, 382, 7365/99 en 7349/99, 30.09.1899; TAB, SS, 8060, R13465/99, 27.09.1899.
117 C. Plokhooij, *Met den Mauser: persoonlijke ervaringen in den Zuid-Afrikaansche oorlog*, p. 3.
118 F. Engelenburg, "Jeugherinneringe van Frits Engelenburg", referaat gelewer op Dinsdag 21 Maart 1967 om 20:00 uur in die restaurant "De Kroon", Spuistraat 10, 's-Gravenhage, tydens ŉ funksie van die NZAV, Afdeling 's-Gravenhage. Sien ook L.E. Brink, ŉ Biografie van die taalstryder F.V. Engelenburg tot met die stigting van die S.A. Akademie in 1909, p. 25.
119 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, pp. 10-11.

een van die forte besoek het, was die maneuvers van die artilleriste verbasend goed. Engelenburg het nog steeds nie geglo dat die Britse regering tot oorlog sou oorgaan nie. Hy het die toestande as "erg afmattend" beskryf. Daar het min in Pretoria aangegaan en verskeie winkels het hulle personeel laat gaan of op halfsalaris geplaas.

> Zouden ze ons langzaam willen doen doodbloeien?[120]

Engelenburg was egter self gereed om na die front te gaan indien oorlog uitbreek.[121]

Gedurende September 1899 het burgers uit al die uithoeke van Transvaal in Pretoria byeengekom om by kommando's aan te sluit. Wapens is ook aan hulle uitgedeel. Elke burger moes sy ou geweer inhandig en het 'n Mauser en 100 rondes ammunisie ontvang. Ten spyte van die voorliefde van kommandant-generaal Piet Joubert vir die Martini-Henry-gewere was dié geweer by die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog 'n haas uitgediende wapen. In 1896 het die ZAR-regering 25 000 Mauser-gewere met 10 000 000 patrone aangekoop. In die loop van 1897 is nog 12 100 Mausers met 9 608 000 patrone bestel. Benewens die feit dat die Mauser lig en maklik hanteerbaar was, was die laaiprosedure eenvoudig en vinnig en kon veel sneller gevuur word as met enige ander handgeweer ter wêreld in daardie tyd. Nog 'n voordeel van die Mauser was dat die geelkoperdoppie gevul was met rooklose kruit, wat verhoed het dat die ligging van die eie posisie by die afvuur verraai word – in teenstelling met die swartkruitpatroon wat vir die Martini Henry's gebruik is.[122] Vir die burgers wat nie perde gehad het nie, is perde summier van die publiek gekonfiskeer.[123] Die eerste groep burgers het op 28 September na die grense vertrek en gedurende die volgende paar dae het nog groepe gevolg.[124] Alle treine, die spoorweglyne en die NZASM is onder direkte beheer van kommandant-generaal Piet Joubert geplaas met die doel om die kommando's en hulle perde en toerusting te vervoer.[125] In 'n brief van J.A. van

---

120 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 14.08.1899.

121 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 42, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 22.08.1899.

122 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902*, deel 1, "Die Boere-offensief Okt.-Nov. 1899", pp. 81-84.

123 Anon., "The situation", *Press Weekly Edition*, 23.09.1899; Redaksionele kommentaar, "Getrouw aan hun woord", *De Volksstem*, 23.09.1899.

124 Anon., "Troepen naar de grenzen", *De Volksstem*, 30.09.1899. Sien ook C. de W. van Vreden, Pretoria en die Tweede Vryheidsoorlog, 11 Oktober 1899 – 5 Junie 1900, p. 92.

125 R.W.J.C. van der Wall Bake en E. Bruchner (reds.), *In Memoriam NZASM*, p. 105. Die outeurs was twee ouddirekteure van die NZASM. *In Memoriam* is veral gebaseer op die jaarverslae en ander amptelike

Kretschmar van Veen (1857-1931) in April 1900 aan die NZASM-direksie in Amsterdam het dit duidelik geblyk dat die spoorwegmaatskappy in Transvaal té betrokke was by die oorlog. Van Veen het die direksie daarop gewys dat hy nie sy aanmaning tot strenge neutraliteit in die oorlog kon uitvoer nie omdat die NZASM 'n morele plig teenoor die ZAR gehad het om die Republiek soveel as moontlik in die oorlog by te staan.[126]

Die spanning was teen begin Oktober byna ondraaglik in Pretoria en op 2 Oktober het Engelenburg in *De Volksstem* geskryf dat daar in 1880 in Transvaal 'n klein volk was wat deur God se goedheid groot geword het. Deur God se seën het die ZAR en die Vrystaat een geword. Die groot manne van 1880 lewe nog en die Leeu van Rustenburg was steeds besiel om vir sy volk se vryheid te veg. "Slim Piet Joubert" het ook gereed gestaan om met sy burgers die stryd te gaan voer.[127] Ten spyte van Engelenburg se negatiewe gevoelens teenoor generaal Piet Joubert het hy die generaal aangeprys as 'n "slim" man. Hy wou die burgers se moreel hoog hou en aan die vooraand van die oorlog sou dit niemand baat as hy die generaal in 'n swak lig plaas nie. In Nederland en België en in ander dele van Europa was Transvaal se ou vriende gereed om morele steun aan Transvaal te bied.[128]

Naby die grense van die twee Republieke het verskeie Boerekampe tot stand gekom. Die hoofmag van die Boere sou Natal later binneval en het uit drie afdelings bestaan. Die vernaamste afdeling het onder die persoonlike bevel van kommandant-generaal Piet Joubert te Zandspruit, naby Volksrust en Wakkerstroomnek, saamgetrek. Ná heelwat oponthoud het die Hollanderkorps op 3 Oktober 1899 met sowat 130 lede van Pretoria-stasie na die hooflaer te Zandspruit vertrek.[129] Die vertrekkende korps is deur vroue, kinders en belangstellendes na die stasie vergesel. Onder 'n gejuig van 'n groot menigte het die Hollanderkorps om ongeveer 16:30

gegewens en in 'n mate op herinneringe. Bruchner het Van Kretschmar in 1907 opgevolg toe hy lid van die Raad van Kommissarisse geword het.

126 D.J. Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek (1872-1899)*, p. 157.

127 Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 02.10.1899.

128 Redaksionele kommentaar, "Na 19 jaar", *De Volksstem*, 04.10.1899.

129 Anon., "Vertrek der Hollanders", *De Volksstem*, 07.10.1899. Sien ook C. Plokhooij, *Met den Mauser: persoonlijke ervaringen in den Zuid-Afrikaansche Oorlog*, p. 3.